

UNIVERSITY OF THE  
FREE STATE  
UNIVERSITEIT VAN DIE  
VRYSTAAT  
YUNIVESITHI YA  
FREISTATA



UFS·UV

ARCHIVE FOR CONTEMPORARY AFFAIRS  
ARGIEF VIR EIETDSE AANGELEENTHEDE

# Inventory of the private collection of

## FFdeW Stockenström

### PV782

#### Contact us

**Write to:**

Archive for Contemporary Affairs  
University of the Free State  
P.O. Box 2320  
Bloemfontein 9300  
South Africa

**Visit us:**

Archive for Contemporary Affairs  
Stef Coetzee Building  
Room 109  
Academic Avenue South  
University of the Free State  
205 Nelson Mandela Drive  
Park West  
Bloemfontein

**Telephone:**

+27(0)51 401 2418/2646/2225

**Email:**

[arca@ufs.ac.za](mailto:arca@ufs.ac.za)

## KATALOGUS VAN DIE DOKUMENTE VAN F.F.D W.STOCKENSTRÖM

### TOEGANKLIKHEID

Voorwaardelik

### CURRICULIM VITAE

Frederick Francois De Wit Stockenström is op 22 Julie 1927 op Prins Albert in die Kaapprovinsie gebore.

In 1945 matriculeer hy aan die Hoërskool Prins Albert en behaal die grade B.Com. en B.Com.Hons. aan die Universiteit van Stellenbosch in 1948 en 1952 onderskeidelik. Sy meestersgraad behaal hy cum laude aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Hy beklee o.a. die volgende betrekings:

- \* Senior lektor in Bedryfsekonomie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (1952-1967);
- \* Ere-direkteur van die OVS Kamer van Nywerhede (1954-1967);
- \* President van die OVS Kamer van Nywerhede (1964-1965);
- \* Lid van die Eerste Minister se Ekonomiese Advieskomitee;
- \* Lid van die Staatstenderraad;
- \* Lid van die Nasionale Mannekrag Kommissie;
- \* Uitvoerende Direkteur van die Afrikaanse Handelsinstituut sedert 1967;
- \* Hy dien ook op verskeie statutêre liggame en maatskappy direkteur-skappe in 'n konsulteerende hoedanigheid.

Sy lidmaatskappe sluit o.a. die volgende in:

- \* Suid-Afrikaanse Instituut vir Personeelbestuur;
- \* Suid-Afrikaanse Instituut vir Publieke Administrasie;
- \* British Institute of Directors;
- \* Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (SABRA);
- \* Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika.

Die oriëntering van jeug vir die sakewêreld, die oorbrugging van die gaping tussen die sakewêreld en studie-inrigtings, hegte skakeling van sake-ondernemings op georganiseerde vlak en internasionale handelsbetrekkinge, maak

o.a. deel van sy belangstellings uit.

Sy stokperdjies is tuinmaak, gholf, jag en visvang.

Op 30 Junie 1960 tree hy met Isabella Elizabeth Cornelia Erasmus in die huwelik - 'n huwelik waaruit een seun gebore is.

### **ORDENING**

Die dokumente is in Januarie/Februarie 1987 deur mnr. Stockenström aan die Insituut vir Eietydse Geskiedenis geskenk.

As gevolg van die klein omvang van die skenking is die stukke itemgewys in 'n katalogus beskryf. Die dokumente verkeer in 'n goeie toestand van bewaring en beslaan 0,10 meter rakspasie.

KATALOGUS VAN DIE DOKUMENTE VAN F.F.D W. STOCKENSTRÖM

PV 782

VERWYSING	BESKRYWING	OPMERKINGS
1.	Korrespondensie met addisionele inligting insake item 2 gedateer 8 Januarie 1987.	
2.	Verhandeling getiteld: <i>'n Bedryfsekonome se ondersoek van die ontwikkeling van die Vrystaat Goudveldstreek.</i> deur Frederik Francois de Wit Stockenström, UOVS, 1966.	
3.	Toespraak deur J.P. de Lange op 30 Oktober 1986 tydens die J.A.S.-dinee.	
4.	Gedenkuitgawe:- <i>30 Jaar Afrikaanse Handelsinstituut.</i> 1972.	
5.	Gedenkuitgawe: <i>40 Jaar se sakediens 1942/82.</i> 1982.	